**TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION-MEMO**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans – Vraestel 2** | **Eksaminatrise** | **Mej Meyer** |
| **Datum** | **7 Junie 2018** | **Totaal** | **40 punte** |
| **Sessie** | **2** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **6** | **Moderator** | **Mev Pienaar** |

**Spesiale Instruksies**

- Lees al jou vrae goed deur.
- Moenie enige spasies oop los nie.
- Gebruik jou tyd goed.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Die toets bestaan uit twee afdelings
- Afdeling A is leesbegrip. (25)
- Afdeling B is Taalleer. (15)

Hierdie Afrikaanse eksamen is aangevul met aantekeninge en inligting in die Tom Newby Skool Afrikaanse boek. Die nasien, memorandum is dienooreenkomstig opgestel. Terwyl alternatiewe antwoorde ontvang word, sal die amptelike memorandum as 'n prioriteitsdokument beskou word om eenvormigheid van nasien te verseker.

**Naam:** ______________________________ **Graad: 6**______

## AFDELING A: LEESBEGRIP (25)

Lees die strorie, "**Maak oop die boks**", en beantwoord dan die vrae. Gebruik die woordelys om te help.

| | |
|---|---|
| Verwonderend | Amazement |
| Versigtig | Carefully |
| Haastig | In a rush |
| Beskikbaar | Available |
| Verspot | Silly |
| Vryf | Rub |
| Wense | Wishes |

**Maak oop die boks**

Hy was besig om tussen die rakke rond te dwaal, en verwonderend na al die goed te kyk, toe hy skielik ŉ stem hoor.

"Verskoon my jong man. Ek wonder of jy my kan help? Ek is hier, bo-op die rak, agter teen die muur, langs die kerse."

Hy kyk op na die rak en daar tussen die kerse en ŉ boek, is ŉ ou hout boksie. Versigtig haal hy dit af, skud die boksie saggies en vra "Is daar iemand in die boks?"

"Ja daar is, en die iemand sal bly wees as jy hom ophou skud."

"Jammer, maar ek het nog nooit ŉ boks gesien met iemand in nie, wat maak jy daarbinne?"

"Dis ŉ lang storie, maar ek is ŉ Genie."

" ŉ Genie? Ek dog hulle bly net in lampe?"

"Gewoonlik doen ons, maar die persoon wat my hier ingesit het was haastig en ŉ lamp was nie beskikbaar nie, so asseblief vryf die boks en laat my uit"

"Okay, maar ek moet eers my ma vra of ek kan."

"Ma kan ek die boksie vryf? Daar is ŉ Genie in en hy sê ek kan drie wense kry."

"Moenie verspot wees nie, Alladin, daar is nie iets soos ŉ Genie nie. Hoeveel keer het ek al vir jou gesê om nie aan goed te vat in die winkel nie! So sit die boksie neer voor jy dit breek en kom dat ons kan ry."

*Woorde: 225*

*Adapted from www.quora.com*

1. Wat is die **titel** van die storie? (1)
   **Maak oop die boks.**
2. Waar vind die storie plaas? (1)
   **In 'n winkel.**
3. Wie is die twee **hoofkarakters** in die storie? (1)
   **Alladin en die Genie.**
4. Vind 'n **woord** in die storie wat vir ons sê dat die persoon vinnig die Genie in die boksie gesit het. (1)
   **Haastig.**
5. Hoekom het Alladin die boksie van die rak afgehaal? (1)
   **Want die Genie het met hom gepraat en gevra dat hy moet.**

6. Hoekom het hy die boksie 'versigtig afgehaal'? (1)

**Want die stem het uit die boksie gekom/hy weet nie wat daar iin is nie/hy mag nie aan die goed in die winkel raak nie.**

7. Wie was in die boksie? (1)

**Die Genie.**

8. Waar het die boksie gestaan op die rak? (1)

**Tussen die kerse en 'n ou boek.**

9. Verduidelik in jou eie woorde hoe die Genie in die boks gekom het? (1)

**Iemand wat haastig was het hom in die boks gesit want daar was nie lampe nie.**

10. Hoekom wou die Genie hê dat Alladin die boksie moet vryf? (1)

**Die Genie wou graag uit kom.**

11. Alladin wil eers sy ma vra voor hy die boksie vryf, wat sê dit vir ons van hom? (omkring die regte opsie). (1)

a. stout

b. **versigtig**

c. eiewys

12. Wat beteken die **frase** "moenie verspot wees nie"? (1)

**Dat dit nie waar is nie/maak nie sin nie.**

13. Wat dink jy sou gebeur het as Alladin die boksie gevryf het? Hoekom? (1)

**Die Genie sou uitgekom het en gelukkig gewees het. Alladin sou wense kon kry.**

14. Dink jy dit is 'n ware storie? Verduidelik jou antwoord. (2)

**Nee – en 'n rede.**

**Kry nie Genies nie, kry wense nie ens.**

15. Wat sou jy doen as jy die boksie gekry het? (1)

**Leerder sy eie antwoord.**

16. Dink jy dit was verkeerd van Alladin om die boksie af te haal van die rak af? Verduidelik jou antwoord. (2)

**Ja – want hy was stout, nie vir sy ma geluister nie, hy mag nie vat nie.**

**Nee – hy wou die Genie help, die Genie het hom gevra.**

17. Watter deel van die storie het jy die meeste geniet? Verduidelik hoekom jy so voel. (2)

**Leerder sy eie antwoord en 'n rede.**

18. Alladin het die boksie terug gesit sonder om die Genie te laat uitkom, hoe dink jy voel die Genie daaroor? (1)

**Die Genie is hartseer – bly in die boks. Kwaad – wou graag uitkom.**

19. Wat sal jy doen as jy 'n Genie in 'n boksie kry, waarvoor sal jy wens? (2)

**Die boksie vryf – eie antwoord.**

20. Die Genie is al vir baie jare in die boksie. Hoe dink jy voel die Genie? (2)

**Hartseer, beknop, ongelukkig.**

**TOTAAL: 25**

**AFDELING B:TAALWERK** **(15)**

**TAALKONSTRUKSIES EN KONVENSIES**

1. Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin. (1)

   *Hy was besig om na al die goed te* ***kyk.***

2. Die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin is_______? **Omkring** die regte antwoord. (1)

   *Dit was 'n ou boksie*.

   a. boksie

   b. dit

   c. **ou**

   d. was

3. Gee 'n **antoniem** vir hartseer. **Bly**. (1)
4. Gee 'n **sinoniem** vir 'n lig. **'n Lamp.** (1)
5. Voltooi die tabel. (2)

| Woord | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| Rak | **Rakke** | **Rakkie** |

6. Skryf die volgende sin in **verlede tyd**. (1)

   *Hy haal die boksie van die rak af.*

   **Hy het die boksie van die rak af gehaal.**

7. Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd**. (1)

*Hy loop tussen die rakke rond*.

**Hy sal tussen die rakke rondloop.**

8. Vul in 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin. (1)

*"... maar **die** persoon wat my hier ingesit het was haastig*."

9. Sê watse **tipe sin** die volgende sin is. Onderstreep die regte antwoord tussen hakkies. (1)

*Is daar iemand daar binne?* (**vraagsin**, stelsin, uitroepsin)

10. Sê watse tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is. Gebruik die woorde in die blok om jou te help. (1)

*Hierdie boksie het 'n Genie in*. ________________________________________

| | |
|---|---|
| Persoonlike voornaamwoord | Besitlike voornaamwoord |
| **Aanwysende voornaamwoord** | Onpersoonlike voornaamwoord |

11. Pas kolom A by kolom B. Pas die regte betekenis by die korrekte idioom. Skryf slegs die korrekte letter neer. (2)

| Betekenis | Idioom |
|---|---|
| 1. speel oop kaart met iemand | a. om versigtig te wees |
| 2. katvoet loop | b. om bietjie te slaap |
| | c. om eerlik te wees met iemand |

1. **c – om eerlik te wees.** 2. **a – om versigtig te wees.**

12. Maak 'n **samestelling** met die volgende woorde. (1)

Boek + rak **Boekrak**

13. Een van die woorde in die volgende sin is verkeerd gespel. Skryf die sin oor en maak **die spelling** van die woord reg. (1)

*Alladin sukel om by die boksie uit te kom*.

**Alladin sukkel om by die boksie uit te kom.**

**TOTAAL: 15**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

| Vraag | Moontlike Antwoorde | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Maak oop die boks. | 1 | 1 |
| 2. | In ‘n winkel. | 1 | 1 |
| 3. | Alladin en die Genie. | 1 | 1 |
| 4. | Haastig. | 1 | 2 |
| 5. | Want die Genie het met hom gepraat en gevra dat hy moet. | 1 | 2 |
| 6. | Want die stem het uit die boksie gekom/hy weet nie wat daar is in nie/hy mag nie aan die goed in die winkel raak nie. | 1 | 2 |
| 7. | Die Genie. | 1 | 1 |
| 8. | Tussen die kerse en ‘n ou boek. | 1 | 1 |
| 9. | Iemand wat haastig was het hom in die boks gesit want daar was nie lampe nie. | 1 | 2 |
| 10. | Die Genie wou graag uit kom | 1 | 3 |
| 11. | B | 1 | 3 |
| 12. | Dat die nie waar is nie/maak nie sin nie. | 1 | 3 |
| 13. | Die Genie sou uitgekom het en gelukkig gewees het. Alladin sou wense kon kry. | 1 | 3 |
| 14. | Nee – en ‘n rede.<br>Kry nie Genies nie, kry wense nie ens. | 2 | 4 |
| 15. | Leerder sy eie antwoord. | 1 | 4 |
| 16. | Ja, want hy was stout, nie vir sy ma geluister nie, hy mag nie vat nie.<br>Nee, hy wou die Genie help, die Genie het hom gevra. | 2 | 5 |
| 17. | Leerder sy eie antwoord en ‘n rede. | 2 | 5 |
| 18. | Die Genie is hartseer – bly in die boks.<br>Kwaad – wou graag uitkom. | 1 | 4 |
| 19. | Die boksie vryf – eie antwoord. | 2 | 5 |
| 20. | Hartseer, beknop, ongelukkig. | 2 | 5 |

**TOTAAL** **25**

**AFDELING B: TAAL KONSTRUKSIES EN KONVENSIES**

| **Vraag** | **Moontlike Antwoorde** | | | **Punt** |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Kyk. | | | 1 |
| 2. | c – ou. | | | 1 |
| 3. | Bly. | | | 1 |
| 4. | ‘n Lamp. | | | 1 |
| 5. | Rak | **Rakke** | **Rakkie** | 2 |
| 6. | Hy **het** die boksie van die rak afgehaal. | | | 1 |
| 7. | Hy **sal** tussen die rakke rondloop. | | | 1 |
| 8. | Die. | | | 1 |
| 9. | Vraagsin. | | | 1 |
| 10. | Aanwysend voornaamwoord | | | 1 |
| 11. | 1. c – om eerlik te wees.<br>2. a – om versigtig te wees. | | | 2 |
| 12. | Boekrak. | | | 1 |
| 13. | Alladin **sukkel** om by die boksie uit te kom. | | | 1 |

**TOTAAL 15**